

Die Lewende Kerk



Bergbron Gemeente

Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding

Sondag 12 Junie 2016

Baie Welkom by ons Erediens!

www.bergbron.org.za

Erediens

Vandag se erediens word geleei deur pastor Gordon Calmeyer

Omgee:



- Hendrik Fritz is uit hoë-sorg na 'n gewone saal (section 4) geskuif in Garden City hospitaal.
- Danie de Klerk ontvang nog daagliks bestraling en is al oor die halfpad merk.
- Junita Truter se suster het mediese uitslae gekry dat die kanker versprei het in haar longe.
- Baie geluk aan Gert en Bettie van Bergen wat Donderdag 'n nuwe kleindogter, baba van Magda en Chris, ryker geword het.

Offergawes: ◊

Offergawes: 'D' gemerk: vir behoeftiges. Ongemerk: instandhouding v/d erediens.

Afkondigings: ☼

- **Erediens** vanaand om 17:30.

- **Ter approbasie** van die gemeente word Arthur en Lettie van Niekerk voorgestel as diakens.
- Hierdie naweek vind **“Victory in Jesus Christ”** by Diepkloof in Soweto plaas. Ons vra die gemeente se voorbidding.
- Daar word volgende Sondag (19 Junie) om 09:00 ‘n **Dankseggingsdiens** by ons in Bergbron gehou om vir die Here dankie te sê en om aan Hom al die eer te gee vir dit wat Hy deur die Oorwinnaarsbediening doen. Daar sal geleentheid gegee word vir mense om te getuig en om dit te kom deel wat die Here op hul harte druk.
- **Tee/koffie skinkbeurte – vandag** skink Groep 1, Susan (Botha), Mariëtte, Annette en Maureen. **Volgende Sondag** is dit langnaweek, maar daar sal verversings wees met vrywilligers se hulp. Die vier weke daarna is dit skoolvakansie. Daar is dan nie tee of koffie na die diens nie.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, kantoor@bergbron.org.za of sms na 072 651 8286).

Jy kan Help

- Waarnemende Koster gesoek – sê vir enigeen van die kerkraadslede as jy wil help.
- Diakens vra: Komberse en tweedehandse klere – gee vir Carel Cornelissen
- Die begrafnisdiensgroep sê dankie vir die 8 appelkoos overlays wat teruggekom het. As die res nog êrens is, sal hulle dit ook graag terug ontvang!
- Fonds vir bediening aan kinders van die vervolgde kerk: die fonds is by Geopende Deure begin as die “Lohann en Nicola Briel Ministry” – kry besonderhede by die kerkkantoor. (011 673 9705 of 072 651 8286)



Gebed: Voorbidding...

Imke is Maandag geopereer. Hulle kon alles wat hulle kon sien uithaal, maar volgens Prof. Van Niekerk is dit moontlik dat daar mikroskopieselle kon agtergebleef het.

Die volgende stappe is nou chemo, die oorplanting van haar beenmurg en verdere behandeling van Immunoterapie.

Bid asb. steeds vir klein Imke en ook vir die nodige fondse vir haar behandeling. Indien U meer wil weet of selfs voel om 'n finansiële bydrae te maak, kan julle met Gerhard en Susan Botha gesels. Tel. 083 537 9770. Bid asb. saam vir “Godly wisdom, Guidance and Supernatural Divine Intervention.” (Gebedsversoek op FB deur Pappa geplaas)

Toerusting: Teen die Gety 5: Die gesagsposisie van God se verteenwoordigers (deel 1)

*Gedeeltes aangehaal uit die boek , Teen die Gety, van Dr. Bennie Mostert.
Uitgegee deur Christelike Uitgewersmaatskappy, Vereeniging.*

Stap 5 Verstaan jou gesagsposisie.

1. Die gesag van die gelowige.

Een van die onderwerpe waaroer daar by gelowiges seker die meeste onkunde is, is die onderwerp van die *gesag van die gelowige of troonposisie van die gelowige*.

Deur die eeu heen het Satan met alles in sy vermoë probeer om hierdie boodskap vir die kerk en gelowiges weg te steek.(vgl.2 Kor.4:3-4) Onkunde by gelowiges oor hierdie gesagsposisie in Christus maak die kerk en die gelowiges kragteloos in hulle stryd teen die bose.

2. Wanopvatting

Die gesagsposisie van die gelowige is nie die vervulling met die Heilige Gees nie.Dit is ook nie 'n spesiale gawe of charismata van die Heilige Gees nie. Dit is nie iets soos 'n gawe van onderskeiding van geeste of die gawe van kennis nie. Dit is ook nie soos somige dink maar bloot volhardende gebed nie,

3. Definisie van gesag

Gesag , sê die woordeboek, is die wettige reg om te bevel en gehoorsaamheid af te dwing en dit het ook die betekenis van mag en invloed. God het absolute gesag in die heelal en deleger hierdie gesag aan wie Hy wil. Ons kan sê God die Vader is die Bron van alle gesag. Omdat Jesus en God die Vader een is, het Hy dieselfde gesag as die Vader. In Matt. 28:18 sê Jesus: ”.... *Aan my is alle mag gegee in die hemel en op die aarde*” God se gesag word uit Sy krag verkry. Gesag wat God aan Sy kinders verleen, is die toesegging van outoriteit wat aan ons die reg gee om namens God, as God se verteenwoordigers, op te tree.

4. Deleger gesag

God deleger sy gesag aan sy kinders hier op aarde. Ons het geen gesag uit ons eie nie: God verleen dit aan ons. Hy gee ons die wettige reg om in sekere situasies in Sy Naam bevele te gee en om gehoorsaamheid af te dwing.

Jesus het die gesag om sondes te vergewe – Matt 9:6 Hy gee aan ons die gesag sien Joh.20:23

Jesus het die gesag om duiwels uit te dryf – Luk.4:36 en Hy gee ook aan ons, Sy dissipels , die gesag om duiwels uit te dryf in Matt.10:1

Jesus het die gesag om siekes te genees.- Mark. 3:5 en Hy gee aan sy dissipels die reg om siekes gesond te maak. Matt.10:1 Sien ook Matt.8:26 en Jak.5:17 asook dooies opwek Joh 11:43-44 en Hand 9:40; verkondiging van die Evangelie Mark. 1:22 en Matt. 28:18-20 So kan ons aangaan.

Jesus het die gesag om te bind en te onbind en Hy gee aan sy dissipels die outoriteit om te kan bind en onbind. – Matt. 16:19 en Matt. 18:18

Illustrasie om gedelegeerde gesag te verduidelik: *Wanneer 'n gewone persoon in die middel van 'n besige kruising gaan staan en probeer om die verkeer te reguleer, gaan dit nie veel gebeur nie, behalwe dat daar 'n verkeersknoop kan ontstaan. Maar wanneer 'n verkeerskonstabel sy wit handskoen ophou, stop al die motors en kan hy die verkeer reguleer. Hy het nie fisiek die krag om selfs 'n klein motortjie te laat stil hou nie, maar met die gesag van die staat agter hom, kan hy mense dwing om stil te hou. Hy het wettig die reg om te bevel en gehoorsaamheid af te dwing.*

5. Die gesag toegeken en verduidelik

Ons lees in Efes. 1:15-19 dat Paulus vir die gelowiges bid en veral in vers 19 is daar enkele woorde wat ons aandag verg. Paulus bid spesifiek dat die gelowiges sal verstaan..... Paulus praat hier van 'n geweldige groot krag wat tot die gelowiges se beskikking is en wat in die gelowige uitgeoefen word.

In Efes. 1:20-22 word hierdie krag wat in die gelowige werk nou verduidelik. *Let op vers 19-20 Watter mag het Hy? Kyk mooi na vers 21 -22, want dit is Jesus se gesagsposisie.*

Wil jy by die gemeente aansluit?

Vul asseblief 'n **pienk vorm** in - op die tafel by die deur. As jy 'n bewys van lidmaatskap het, gee dit saam met die vorm vir die predikant. Bel ds. Stephan (011 477 2133 of 082 253 3029) of vir Ankie by die kerkkantoor (011 673 9705).

Lekker verjaar ...!

Verjaardae in die week:

16/06 JEAN VAN STRAATEN

083 582 9499

16/06 ANNA VENTER

082 785 2520

011 477 8945

18/06 ANJÉ SOFIANOS

082 970 3347

Mag die Here jou oorvloedig seeën

Bergbron besonderhede

Bergbron webwerf:www.bergbron.org.za

Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029,
stephan@bergbron.org.za

Pastor Gordon Calmeyer – assists with ministry and pastoral care: 011 672 1219,
076 867 3125, zooch234@gmail.com

Musiekdiensgroep – vakant (kontak ds Stephan of kerkkantoor)

Jeug – Vernon Fortune: 071 217 7792, vernonfor.vf@gmail.com

Gebedsgroep – Gerhard en Susan Botha 0835379770

Berading – Marietjie Volschenk 082 602 3023

Bankbesonderhede: Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek.
180 350 349

Kantoorure: Dins, Do en Vrydae van 09:00 tot 13:00. Tel. 011 673 9705

kantoor@bergbron.org.za

Diakens: kontak Carel Cornelissen: 083 717 0003.

Ouderlinge: Wesley Abourizk 083 440 2782; Pieter de Klerk 082 464 9480;
Jacques Moolman 072 277 0036; Fanie Olivier 079 710 2344; Willie Volschenk 082
777 7734.